DIE WAARDE VAN ’n GOEIE WERK

TOEKOMSBERAAD – 10 OKTOBER

1. Inleiding: Op pad na 10 Oktober se Toekomsberaad: 2015-2020

In sy boek, *The coming jobs war,* skryf Jim Clifton, uitvoerende hoof en voorsitter van die Amerikaanse meningsopnamemaatskappy Gallup, dat die volgende groot wêreldoorlog oor goeie werk sal gaan. Hy het die boek geskryf na aanleiding van ’n Gallup-wêreldstudie waarin bevind is dat mense dwarsoor die wêreld se grootste behoefte ’n goeie werk is. Die opname het 166 lande gedek, wat 99% van die wêreldbevolking behels. Die harde werklikheid, volgens Clifton, is dat die wêreld te min werk skep om aan hierdie behoefte te voldoen. Die vraag na goeie werk is dus baie groter as die aanbod.

Die oorlog om goeie werk sal nie ’n konvensionele oorlog wees nie maar sal in vorme soos die Arabiese lente manifesteer − ontwrigting met die onderliggende subtema: ’n gebrek aan goeie werk.

In Suid-Afrika is dit nog ’n groter werklikheid as in die meeste ander lande ter wêreld. Bykans die helfte van die land se inwoners is werkloos. Die Suid-Afrikaanse ekonomie skep nie naastenby genoeg werk vir die aantal mense wat wil werk nie. Ten spyte van die groot aantal werkloses is daar ’n reuse-tekort aan vaardighede. Daar is ook groot wanverhoudings; menseword opgelei in areas waar daar ’n ooraanbod in die ekonomie is.

Om ’n goeie werk in Suid-Afrika te kry, is parate kennis en vaardighede asook deurlopende leer noodsaaklik. In ’n mark waarin daar ’n tekort aan goeie werk is, maar ook ’n tekort aan vaardighede, is daar steeds groot geleenthede. Solidariteit wil sy lede en hul kinders toerus om hierdie gapings in die mark te vul.

Gallup definieer ’n goeie werk as een met ’n werksweek van 30 uur en ’n werkgewer wat sy werknemers gereeld betaal. ’n Betekenisvolle werk is ’n werk waar jou hoof omgee vir jou ontwikkeling, waar jy jou sterkpunte elke dag kan benut en waar jy voel dat jy tot iets groters kan bydra. Jou werk is van betekenis, dus is jy ook van betekenis.

Werk bepaal dus grootliks wie jy is en waar jy inpas. Werk verleen ook ekonomiese stabiliteit en is ’n kritieke stabiliseerder van gesinne. Indien werk as primêre behoefte bevredig word, kan mense met groter selfvertroue aan die wêreld rondom hulle deelneem.

Hierdie verslag gaan nie net oor ’n goeie werk nie, maar oor ’n betekenisvolle werk. Solidariteit wil mense se aspirasies van ’n goeie tot beter − uiteindelik ’n betekenisvolle − werk help bevredig.

Indien ons streef na ’n toekoms waarin die Afrikaanse taalgemeenskap en Afrikaner-kultuurgemeenskap vry, veilig en voorspoedig is, kan dit nie gedoen word sonder ten minste ’n goeie werk, maar ideaal gesien, ’n betekenisvolle werk nie.

Hierdie verslag fokus op wat die Solidariteit Beweging en spesifiek Solidariteit gaan doen om mense te help om ’n betekenisvolle werk te bekom.

2. Probleemstelling

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is onder groot druk. Ontleders praat van ’n afleggingsbloedbad. Bykans alle sektore verkeer tans onder druk. Die mynbou-, staal- en telekommunikasiesektor is reeds besig met groot afleggings. Semi-staatsinstellings asook talle klein en medium ondernemings is besig om personeel te besnoei.

Internasionale ekonomiese faktore soos die ekonomiese afswaai in China en die skuldkrisis in Europa dra by tot kommer oor die arbeidsmark. China betaal nou die prys van staatsbeplande groei met meer kapasiteit as wat nodig is. Die Chinese belastingbetaler subsidieer nou uitvoere. Dit het egter ook ’n invloed op Suid-Afrika se uitvoere na China en dit plaas druk op ons plaaslike staalbedryf (aan die ander kant kan dit egter afstroombedrywe in Suid-Afrika stimuleer).

Europa beleef nou reeds byna tien jaar lank ’n voortslepende finansiële krisis. Die meeste Europese lande het groot staatskuld, lae ekonomiese groei, ’n verouderende bevolking en ’n welsynstaat waar die regering se toekomstige verpligtinge sy vermoë gaan oorskry. Waar Europa dus vir lank ’n groot invoerder van produkte en dienste uit ander wêrelddele was en veral baie luukse produkte vervaardig of ingevoer het, is dit

besig om te verander. Regoor Europa is regerings, maatskappye en individue besig met besuiniging wat beteken dat verbruik afneem en dat minder grondstowwe en produkte dus ingevoer word.

Dit het ’n groot invloed op die prys van basiese grondstowwe, wat landbou- en ander produkte wat Suid-Afrika gewoonlik na Europa uitvoer, insluit. Die situasie in Europa gaan nie gou verbeter nie. Staatskuld styg nog selfs in baie lande en weens ’n tekort aan jongmense en baie ouer mense wat versorg moet word, gaan Europa nog lank sukkel.

Die koms van die inligtingsekonomie het globaal ook ’n groot herstrukurering in die ekonomie meegebring. Groot ondernemings word in kleiner eenhede verdeel, mense word uit- en ingekontrakteer, en tydelike werk word al hoe meer die reël eerder as die uitsondering. Méér word met minder personeellede geproduseer. Kennis neem toe en verander vinnig – so ook produksietegnieke en -tegnologie. ’n Aansienlike element van onsekerheid heers dus in die ekonomie.

Plaaslik is daar ook druk op die ekonomie. Die ekonomie word verlam met oorregulering en toenemende staatsinmenging. Beleide soos regstellende aksie en swart bemagtiging is ’n onnatuurlike ingreep in die ekonomie. Daar is ook ’n ideologiese wegbeweeg van die werklikheid. ’n Goeie voorbeeld is Eskom wat te midde van ’n elektrisiteitskrisis sy regstellendeaksie-teikens verskuif en vereistes vir swart bemagtiging verskerp. Die gevolg is dat vaardighede verlore gaan asook dat ’n premie op aankope betaal en kwaliteit ingeboet word.

Die staat verswak en dit het ’n invloed op infrastruktuur, soos paaie en die elektrisiteitsnetwerk, asook op mediese, maatskaplike en veiligheidsdienste. Korrupsie, misdaad en ons internasionale vriende soos Kuba, Noord-Korea, Rusland en Iran maak talle tradisioneel Westerse lande bekommerd oor Suid-Afrika. Oor die algemeen slaag die regering nie daarin om ’n klimaat van beleggersvertroue te skep nie.

Regstellende aksie en spesifiek die ideologie van verteenwoordigendheid het ook tot gevolg dat Afrikaners feitlik geheel en al uit die staatsdiens, maar ook al hoe meer uit die formele sektor gedwing word. Hulle voel vervreemd in die werksplek en dit lei tot gevoelens van magteloosheid, betekenisloosheid en isolasie. Ook jongmense is gefrustreerd omdat hulle die prys betaal van ’n stelsel wat ’n ‘probleem’ regstel waarvan hulle nie deel was nie.

Alhoewel hierdie probleme oorweldigend klink, is daar geen ekonomie wat nie ook goeie geleenthede bied nie. Baie van hierdie probleme is buite ŉ mens se invloedsfeer, maar die verskil word gewoonlik gemaak deur dit wat *binne* ŉ mens se invloedsfeer is.

Hierdie verslag dui aan wat Solidariteit beplan om mense deur hierdie probleme te lei en toe te rus sodat hulle die geleenthede in die ekonomie kan benut en na die beste van hul vermoë steeds betekenisvol te kan werk.

3. Vorderingsverslag

Solidariteit is in 1902 as die Transvaal Miners' Association gestig – die jaar waarin die Tweede Vryheidsoorlog beëindig is. Van die Boere en veral hul seuns het ná die oorlog geen keuse gehad as om op die myne te gaan werk nie en het so deel geword van wat later bekend sou staan as die Mynwerkersunie en vandag Solidariteit. Die geboorte van Solidariteit se voorganger het dus plaasgevind midde-in die hartseer, maar ook die opstaan na die oorlog.

Dit was ŉ merkwaardige tydperk. Afrikaners het daarin geslaag om deur maatskaplike, onderwys- en finansiële instellings weer op te staan. Na die Rebellie van 1914 is die Helpmekaarbeweging gestig, en in die gees van 'help mekaar' is besighede soos Nasionale Pers, Volkskas, Sanlam en Santam opgerig. Daar was ŉ gees van selfdoen en selfverantwoordelikheid. Dit is alles deel van Solidariteit se DNS.

Solidariteit bevind hom ook in die Christelike tradisie van die vakbondwese. Die kernwoorde van hierdie tradisie is roeping, werk en verantwoordelikheid. Hierdie waardes sluit nóú aan by die historiese DNS van Afrikaners na die Tweede Vryheidsoorlog.

Vanuit hierdie waardes het Solidariteit hom ná 1994 herontwerp en herloods, en vanuit die idees van selfstandigheid is die Solidariteit Beweging gestig.

Dit is ook vanuit hierdie waardes wat Solidariteit sy lede help om van ŉ goeie werk na ŉ betekenisvolle werk op te skuif. Een van die kenmerke van ŉ betekenisvolle werk is die bevrediging wat ŉ mens daaruit put – wat net bereik word indien die werknemer verantwoordelikheid vir sy eie sukses aanvaar.

Solidariteit het daarin geslaag om hom in die afgelope 15 jaar suksesvol te herontwerp as ’n vakbond wat die uitdagings van die nuwe inligtingsekonomie verstaan.

Stelsels is so ontwikkel om ook individue in klein en medium instellings te bedien. Dit het ’n nuwe mark vir Solidariteit geopen.

Solidariteit het ook ’n navorsingsinstituut gevestig wat hom bystaan in navorsing oor arbeidsverhoudinge, die politiek en die ekonomie. Die SNI verleen ook steun aan onderhandelingspanne.

’n Dienssentrum is gevestig om lededienste meer toeganklik te maak en bystand te verleen in ledewerwing en die bestuur van verhoudinge.

Elektroniese kommunikasie en die sosiale media is ingespan om lededienste te verbeter.

Die vakbond het by strategiese arbeidsverhoudinge betrokke geraak en word nou gereeld deur regeringsamptenare op strategiese forums betrek. Solidariteit word ook gereeld genooi om voorleggings by parlementêre portefeuljekomitees te doen.

Die Solidariteit Sentrum vir Billike Arbeidsverhoudinge is gestig met die doel om die regering se program van rassekwotas uit te daag. Die Sentrum het al 34 regstellendeaksie-sake teen die Suid-Afrikaanse regering aanhangig gemaak en ’n buitelandse veldtog van stapel gestuur.

Solidariteit word ook as die leier op die gebied van beroepsgesondheid en -veiligheid erken.

Die vakbond se administratiewe stelsel tel onder die bestes ter wêreld en verskeie Suid-Afrikaanse en buitelandse vakbonde het al by Solidariteit kom kers opsteek.

Een van Solidariteit se vernaamste skuiwe die afgelope 10 jaar was sy belegging in onderwys en opleiding. Die tegniese kollege Sol-Tech, die nuwe Afrikaanse privaat universiteit Akademia, Solidariteit Helpende Hand se Skole-ondersteuningsentrum en die Solidariteit Helpende Hand Studiefonds is gestig.

Solidariteit glo dat in die kennisekonomie vakbonde hul lede met kennis moet toerus. (Die Solidariteit Beweging se benadering tot onderwys en opleiding word elders in die verslag bespreek.)

- Die beste wyse waardeur werknemers tot ŉ betekenisvolle werk gelei kan word, is deur kennis.
- Die beste wyse waardeur werknemers gelei kan word om self besluite te neem, is deur kennis.
- Die beste wyse waardeur werknemers selfverwesenliking deur werk kan bereik, is deur kennis.
- Die beste wyse waardeur regstellende aksie getroef kan word, is deur kennis.
- Die beste wyse waardeur ŉ minderheid in ŉ meerderheidsomgewing kan oorleef, is deur verwerwing van die meeste kennis.
- Die beste wyse waardeur die volgende geslag in ŉ beter posisie as hul ouers geplaas kan word, is deur kennis.

4. Aksieplan 2015-2020

Solidariteit wil sy invloedsfeer in die volgende vyf jaar aansienlik vergroot. Hierdie groter wêreld van Solidariteit sal nie net tradisionele arbeidsverhoudinge behels nie maar ook individuele diens, nuwe arbeidsverhoudingeprodukte en -dienste, meer ondersteuningslede en natuurlik baie meer opleidingsgeleenthede.

Die groter wêreld van Solidariteit gaan die jongste tegnologie inspan om Solidariteit op die voorpunt van die internasionale vakbondwese te plaas. Solidariteit gaan sy vyfjaarplan soos volg implementeer:

1. Bou die vakbond uit tot 200 000 lede.
2. Versterk ons strategiese rol in arbeidsverhoudinge.
3. Benut videokonferensietegnologie om die vlak van dienslewering dwarsoor Suid-Afrika te verhoog.
4. Vestig Afrikaanse beroepsverenigings.
5. Bou Solidariteit se opleidingsinstellings en studiehulp uit (ŉ volledige bespreking hiervan verskyn elders in die verslag).
6. Ontwikkel spesiale arbeidsverhoudingeprodukte soos medies en pensioen.
7. Staan lede by met loopbaanbeplanning, opstel van CV's, voorbereiding vir onderhoude en ander ondersteuning.

8. Versterk Solidariteit se posisie as leier in beroepsveiligheid en -gesondheid.
9. Ontwikkel arbeidsverhoudinge- en arbeidsregtoepassings (apps).
10. Bou die webblad, Solidariteit Wêreld, uit tot ’n volledige wêreld van werk.
11. Begin met ’n plaaslike en internasionale veldtog en litigasie teen die meerderheidsbeginsel in die werksplek.
12. Gaan voort met die veldtog teen die staat se rassekwotas en lê klagtes teen die Suid-Afrikaanse regering by die Verenigde Nasies en die Internasionale Arbeidsorganisasie.

5. Samevatting

Solidariteit se spesifieke opdrag in die groter Solidariteit Beweging is om die Afrikaanse taalgemeenskap en Afrikanerkultuurgemeenskap te help om ’n toekoms deur betekenisvolle werk te skep.

Solidariteit staan dus in vir die uitdagings van ’n minderheid in ’n meerderheidsomgewing in die werksplek.

Werk is die grootste behoefte van mense omdat die vraag na ’n goeie werk groter as die aanbod is. Twee belangrike hulpmiddels om die oorlog om goeie werk te wen, is etiek en kennis.

Solidariteit wil aan sy lede waardes oordra wat in drie woorde opgesom kan word: roeping, werk en verantwoordelikheid. Solidariteit-lede moet self verantwoordelikheid aanvaar om hul werk in betekenisvolle werk te omskep, maar Solidariteit sal hulle graag wil bystaan om dit te verwesenlik.

Solidariteit verleen hulp aan lede deur voortreflike diens, bystand in regsake asook met ondersteunende arbeidsverhoudingeprodukte en -dienste. Solidariteit sal ook waak teen onbillikheid, en lede help met loopbaanbeplanning en -ontwikkeling sodat hulle ’n toekoms deur kennis kan skep.

Om ons doelwitte te bereik, het ons instellings soos Sol-Tech, Akademia, Solidariteit Helpende Hand Skolesentrum en die Solidariteit Helpende Hand Studiefonds gestig en uitgebou.

Solidariteit gaan dus sy lede bystaan om van nou af tot 2020 ’n toekoms uit te werk.

Blitsgids

’n Betekenisvolle werk

Inleiding

- Werk is die grootste behoefte van mense dwarsoor die wêreld.
- Ook in Suid-Afrika oorskry die vraag na goeie werk die aanbod.
- Daar is egter ook ’n tekort aan vaardighede.
- Werk bepaal grootliks jou identiteit en jou finansiële vermoë.
- ’n Toekoms sonder ’n goeie – veral betekenisvolle – werk is ondenkbaar.

Probleemstelling

Die volgende uitdagings plaas druk op mense se vermoë om ’n goeie werk te vind:

- die internasionale ekonomiese krisis
- staatsverswakking
- herstrukturering van die ekonomie as gevolg van die inligtingsrevolusie
- gebrekkige beleggersvertroue
- korrupsie en misdaad
- oorregulering soos swart ekonomiese bemagtiging
- regstellende aksie en verteenwoordigendheid

Vordering

Solidariteit het in die afgelope 15 jaar:

- ’n leiersrol gespeel om die Solidariteit Beweging te vestig;
- sy strategiese rol in arbeidsverhoudinge versterk;
- ’n telefoondienssentrum gevestig;
- ’n navorsingsinstituut in die lewe geroep;
- ’n model ontwikkel om diens aan individue te verskaf;
- die leier op die gebied van beroepsveiligheid en -gesondheid geword; en
- opleidingsinstellings opgerig.

Planne tot 2020

- Bou die vakbond uit tot 200 000 lede.
- Implementeer videokonferensietegnologie om dienslewering dwarsoor Suid-Afrika na ŉ nuwe vlak te neem.
- Vestig Afrikaanse beroepsverenigings.
- Bou Solidariteit se opleidingsinstellings en studiehulp uit.
- Ontwikkel spesiale arbeidsverhoudingeprodukte en -dienste.
- Bou die webblad, Solidariteit Wêreld, uit tot ŉ volledige wêreld van werk.
- Begin met ŉ plaaslike en internasionale veldtog en litigasie teen die meerderheidsbeginsel in die werksplek.

Wat kan jy doen?

- Sluit aan by Solidariteit.
- Word ŉ verteenwoordiger van Solidariteit.
- Ondersteun Solidariteit-veldtogte.
- Dra by tot Solidariteit se regstellendeaksie-regsfonds
- Dra by tot Solidariteit se Boufonds sodat opleidingsinstellings verder uitgebou kan word.
- Stel jou testament deur Solidariteit op.
- Besoek die Solidariteit Wêreld by www.solidariteit.co.za
- 'Hou van' Solidariteit op Facebook.
- Volg Solidariteit op Twitter.